SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

NUUSBRIEF
08 van 2026
13 April 2026

# LAAT-REGISTRASIE VAN LEERDERS

SAKAI is met die aanvang van kwartaal 2 deur verskeie instansies genader oor die korrekte hanteringswyse van leerders se laat-registrasie ten einde te verseker dat daar volledig aan die promosievereistes voldoen word en tydig moontlike probleemsituasies aan die einde van die skooljaar aan te spreek.

Die volgende scenario's word voorsien:

1. **Die leerder was gedurende kwartaal 1 by 'n openbare skool ingeskryf. Al die SBA's is voltooi en 'n geldige rapport word voorgelê.**
   Hoegenaamd geen probleem word voorsien nie en die registrasie word as normale oorplasing tussen instansies hanteer. Registreer die leerder by SAKAI en dien afskrifte van voormelde dokumentasie in.

2. **Die leerder was gedurende kwartaal 1 by 'n openbare skool ingeskryf. Al die SBA's is nie voltooi en 'n geldige rapport kan nie voorgelê word nie, maar daar kan bevestig word, die leerder was formeel by die skool ingeskryf.**
   Die leerder mag ingeskryf word, maar daar moet 'n spesifieke reëling met die leerder en ouer(s) (voog(de)) getref word betreffende die bevredigende afhandeling van die kwartaal 1 SBA's. Indien nodig, moet op 'n individuele ondersteuningsprogram (IOP) ooreengekom word. Registreer die leerder by SAKAI en dien afskrifte van voormelde dokumentasie in.

3. **Vertraagde plasing: Leerders wat nie suksesvol in 'n skool geplaas is tydens kwartaal 1 nie as gevolg van administratiewe vertragings of kapasiteitsprobleme binne die departement.**
   Die volgende hanteringswyse word aanbeveel:
   a. Die ouer(s) (voog(de)) moet 'n beëedigde verklaring voorsien waarin die probleemsituasie volledig verduidelik word.
   b. Kontroleer voldoening aan die promosievereistes insake die vorige graad. Indien afdoende bewys nie voorsien kan word nie, kan die leerder uiteraard nie ingeskryf word in die graad waarvoor toelating verlang word nie.
   c. Tref 'n spesifieke reëling met die leerder en ouer(s) (voog(de)) betreffende die bevredigende afhandeling van die kwartaal 1 SBA's.
   d. Indien nodig, moet op 'n individuele ondersteuningsprogram (IOP) ooreengekom word.
   e. Na afhandeling van voormelde kan die leerder ingeskryf word.
   f. Registreer die leerder by SAKAI en dien afskrifte van voormelde dokumentasie in.

Registrasienommer 2011/100445/08 – Nie-winsgewende Maatskappy | BTW Nr. 4560265821
Posbus 90120, Garsfontein, 0042, Suid-Afrika
278 Serene Street, Garsfontein, 0181, Suid-Afrika
+27 (0) 12 348 4650/5650 | info@sacai.org.za | www.sacai.co.za
**Volledig geakkrediteer deur Umalusi**

4. **Mediese gronde: Leerder kon nie die instansie gedurende kwartaal 1 bywoon nie as gevolg van gedokumenteerde mediese redes.**

Die volgende hanteringswyse word aanbeveel:

a. Die ouer(s) (voog(de)) moet die oorspronklike mediese sertifkaat indien.
b. Kontroleer voldoening aan die promosievereistes van die vorige graad. Indien afdoende bewys nie voorsien kan word nie, kan die leerder uiteraard nie ingeskryf word in die graad waarvoor toelating verlang word nie.
c. Tref 'n spesifieke reëling met die leerder en ouer(s) (voog(de)) betreffende die bevredigende afhandeling van die kwartaal 1 SBA's.
d. Indien nodig, moet op 'n individuele ondersteuningsprogram (IOP) ooreengekom word.
e. Na bevredigende afhandeling van voormelde kan die leerder ingeskryf word.
f. Registreer die leerder by SAKAI en dien afskrifte van voormelde dokumentasie in.

5. **Ongespesifiseerde omstandighede: Gevalle waar leerders toelating vir kwartaal 2 verlang, maar geen spesifieke rede of vorige skoolgeskiedenis vir kwartaal 1 kan voorsien word nie.**

Die volgende hanteringswyse word aanbeveel:

a. Die ouer(s) (voog(de)) moet 'n beëedigde verklaring voorsien waarin die probleemsituasie volledig verduidelik word.
b. Kontroleer voldoening aan die promosievereistes insake die vorige graad. Indien afdoende bewys nie voorsien kan word nie, kan die leerder uiteraard nie ingeskryf word in die graad waarvoor toelating verlang word nie.
c. Tref 'n spesifieke reëling met die leerder en ouer(s) (voog(de)) betreffende die bevredigende afhandeling van die kwartaal 1 SBA's.
d. Indien nodig, moet op 'n individuele ondersteuningsprogram (IOP) ooreengekom word.
e. Na bevredigende afhandeling van voormelde kan die leerder ingeskryf word.
f. Registreer die leerder by SAKAI en dien afskrifte van voormelde dokumentasie in.

6. **Wat is die posisie as 'n leerder later in die jaar wil registreer?**

Die benadering tot graad 12 en grade 10 en 11 sal verskil:

1. Graad 12: Op voorwaarde dat die registrasie van die leerder voor 30 Julie plaasvind, geld die veranderlikes soos hierbo genoem *mutatis mutandis*.
2. Grade 10 en 11: Die prosesse soos hierbo genoem, geld *mutatis mutandis*, maar die registrasie van 'n leerder gedurende die laaste kwartaal word nie aanbeveel nie.